http://akroterion.journals.ac.za

# DIE DOOD EN DOODSHANTERING IN OUD-EGIPTE, 3100–332 v.C.

*F P Retief & L Cilliers (Universiteit van die Vrystaat)*

Alle inligting dui daarop dat die inwoners van Oud-Egipte die dood nie gesien het as beëindiging van die lewe nie, maar as ’n oorgangspunt vanaf ’n aardse bestaan na ’n ewigdurende lewe na die dood (Taylor 2001:7). Voorbereiding hiervoor was dan ook sistematies en uitvoerig deel van die alledaagse lewe, in besonder die religieuse komponent daarvan. In hierdie bydrae word die ontwikkeling en toepassing van ’n streng rituele stelsel van doodshantering oor ’n tydperk van meer as 2 500 jaar in oënskou geneem.

## 1. *Inleiding*

Die unieke kultuur, godsdiens en buitengewone lang bestaan van Egipte in die tyd van die farao’s is in ’n groot mate bepaal deur sy besondere ligging en geografie (Gardiner 2002:28-30; Nunn 2002:8-10). Gesetel in die bykans 1 000 km lange vrugbare Nylvallei vanaf Aswan (Eerste Katarak) tot die Delta, is die bevolking deur byna ondeurdringbare laterale woestynmassas grotendeels teen vreemde invloede en vyandige magte beskerm. Die byna konstante jaarlikse Nylvloede het ’n relatief eenvoudige doeltreffende landbou-ekonomie verseker wat die bevolking selfonderhoudend gemaak het, en ’n uiters droë klimaat het deur die natuurlike bewaring van geskrewe materiaal, monumente, geboue, selfs menslike en dierlike oorskot, oor bykans drie millennia heen ’n merkwaardige beskawingsrekord vir die nageslag gelaat.

In die derde eeu v.C. het die priester-historikus, Manetho, die geskiedenis van 30 dinastieë van faraoniese Egipte, gekoppel aan individuele koningshuise, beskryf (Gardiner 2002:42-43). Hierdie klassifikasie word vandag nog erken, alhoewel dit gebruiklik geword het om die geskiedenis ook by wyse van koninkryke en verbandhoudende periodes te beskryf (Nunn 2002:210):

*Vroeë Dinastiese Tydperk* (3100–2686 v.C.), Dinastieë 1 en 2;

*Ou Koninkryk* (2686–2181 v.C.), Dinastieë 3-6;

*Eerste Intermediêre Periode* (2181–2040 v.C.), Dinastieë 7-11;

*Middel-Koninkryk* (2040–1795 v.C.), Dinastieë 11 en 12;

*Tweede Intermediêre Periode* (1795–1550 v.C.), Dinastieë 13-17;

*Nuwe Koninkryk* (1550–1069 v.C.), Dinastieë 18-20;

*Derde Intermediêre Periode* (1069–656 v.C.), Dinastieë 21-25;

*Laat Periode* (664–332 v.C.), Dinastieë 26-30.

Die faraoniese era is in 332 v.C. beëindig toe Alexander die Grote Egipte verower het.

## 2. *Komponente van die afgestorwene betrokke by die transformasieproses*

Die Egiptenare het geglo dat die heelal bevolk word deur gode, lewende mense, en getransformeerde dooies (*akhu*) wat suksesvol die moeilike veredelingsproses na die dood

http://akroterion.journals.ac.za



deurgeloop het en so ewige wesens geword het (Taylor 2001:15-17). Aanvanklik was hierdie proses slegs vir koninklikes beskore, maar teen die einde van die Ou Koninkryk is adellikes ook ingesluit, en ná die Eerste Intermediêre Periode kon enigeen volgens oorlewering die lewe na die dood betree, mits die korrekte proses gevolg is (Taylor 2001:25-26). Die prosedure wat gevolg moes word om hierdie transformasieproses te laat slaag, het die basis gevorm van die komplekse voorbereidings- en begrafnisritueel wat Oud-Egipte gekenmerk het. Hoe nader aan volmaak die proses deurloop is, hoe beter was die dooie se kans om die lewe na die dood te bereik (Ikram and Dodson 1998:15).

Daar is geglo dat die mens uit fisiese en nie-fisiese komponente bestaan en dat die essensiële onderdele van hierdie komponente gesamentlik, so ongeskonde as moontlik, die transformasieproses moes deurloop (Taylor 2001:15-17). Die *fisiese komponent* was die liggaamstrukture, en die hart in besonder wat as die kernorgaan gesien is. Die *nie-fisiese komponent* was baie kompleks en het bestaan uit 4 dele:

a) Die *ka* was die belangrikste deel, en kan beskryf word as die individu se “ewebeeld” of “tweeling”, alhoewel dit nie ’n konkrete vorm gehad het nie. Dit het verband gehou met viriliteit en essensiële vitaliteit, en het deurlopende voeding benodig wat tydens die lewe geen probleem was nie, maar ná die dood besondere aandag geverg het. Wanneer die *ka* sterf was ewige lewe nie moontlik nie. Die *ka* kon ná die dood en begrafnis die lyk tydelik verlaat om in die grafkapel of ander offer-areas gevoed te word, mits daar ook ’n afbeelding van die dooie was waarin dit tydelik kon bestaan. Die *ka* se voeding was simbolies — voedsel is nie fisies verteer nie, en voeding kon in latere tye ook uit afbeeldings van voedsel opgeneem word (Taylor 2001:18-20; Ikram and Dodson 1998:21).

b) Die *ba* was eweneens ’n komplekse konsep en is deur die eeue ook verskillend vertolk, maar kom ooreen met “persoonlikheid”. Die *ba* kon vryelik beweeg, eet, drink en praat en was dus by magte om die graf te verlaat, die buitewêreld te besoek en selfs saam met die son-god Ra deur die hemelruim te beweeg. Snags moes die *ba* egter weer terugkeer na die fisiese liggaam anders sou die persoon vir ewig sterf. In afbeeldings is die *ba* gewoonlik aangetoon as ’n voëltjie met ’n mens-kop (Taylor 2001: 20-23).

c) Die dooie se *naam* moes voortleef as deel van die persoonlikheid, wat ’n ou mitologiese konsep eie aan baie oer-volke reflekteer. Die naam moes dus prominent genoem word tydens die begrafnis-ritueel en geskryf word op die grafstrukture. Latere besoekers moes dit dan ook hardop noem en herhaal (Taylor 2001:23-24).

d) Die rol van die *skaduwee* was meer vaag, maar is nietemin beskou as ’n voortlewende komponent van die dooie. Dit kon die lyk tydelik verlaat en buite die graf rondbeweeg waar dit soms in afbeeldings as ’n silhoeët van die oorledene aangetoon is (Taylor 2001:24).

Alhoewel die dooie ten dele deur enigeen van hierdie komponente in die lewe na die dood kon voortleef, was die ideaal dat al hierdie komponente na die dood optimaal oorleef en as eenheid saam bestaan. Die doel van Egiptiese begrafnisrituele wat volgens Brier (1994:2-23) essensieel op die mite van Isis en Osiris gebou is, was dan om so ’n toestand te bewerkstellig soos wat dit ook in die “Boek van die Dood” uitgespel is. Hierdie gesaghebbende stel instruksies het nie sy oorsprong in ’n enkele uniforme bron gehad nie, maar het vanaf die ontstaan van die Egiptiese beskawing ontwikkel. Met verloop van tyd is dit voortdurend

http://akroterion.journals.ac.za



aangepas en uitgebrei. Hierdie begrafnisgeskrifte het ook ingesluit die "Piramiede-tekste", aanvanklik by Sakkara (Vyfde Dinastie) gevind, en die "Doodskis-tekste" (Taylor 2001:193-200).

## 3. *Die weg na die lewe na die dood*

Die uitgangspunt was dat die gode hul onsterflikheid aan die mens sou oordra indien hy/sy daarin slaag om deur 'n moeilike proses van toetsing en beproewing te gaan, soos onder andere in detail in die "Boek van die Dood" uitgespel is. In sy bespreking van van hierdie proses toon Taylor (2001:31-40) aan dat die persoon wat die proses slaag die toestand *akh* bereik, en dan 'n getransformeerde wese (*akhu*) met 'n ewige lewe word. Indien hy/sy die toets nie slaag nie, word hy/sy veroordeel tot die tweede dood, wat ewige uitwissing ná intense foltering (onder andere deur vuur) behels het.

Die suksesvolle tog na *akh* begin met 'n gepaste begrafnis (*vide infra*). Dit was dus vir 'n Egiptenaar uiters nadelig om buite sy land en kultuur te sterf waar hy met 'n vreemde begrafnisritueel ter aarde bestel sal word. Die fisiese eindbestemming van 'n getransformeerde wese was aanvanklik gesien as iewers in die noordelike hemelruim in die teenwoordigheid van gode soos Ra. Ná die Ou Koninkryk het die siening verander en het die Onderwêreld as eindbestemming na vore getree (Taylor 2001:32).

Ten einde suksesvol te wees in sy soeke na *akh*, het die dooie uitvoerige kennis benodig van onder andere spesifieke roetes wat gevolg sou moes word, kennis van die name van gode wat op die pad teëgekom sou word, gepaste towerspreuke vir spesifieke geleenthede, antwoorde op sekere vrae en korrekte optrede voor die gode. Om hom hiermee te help is uitvoerige inligting by wyse van inskripsies op die doodskis, voorwerpe en papirusse in die kis voorsien, afgeskryf uit standaard handleidings oor die onderwerp. 'n Kaart van die korrekte weg deur die Onderwêreld is dikwels op die bodem van die doodskis geteken.

In die "Boek van die Onderwêreld" (Nuwe Koninkryk) is dit opgeteken dat die dooies ná ter aardebestelling na die Onderwêreld beweeg waar hul moet wag op 'n ontmoeting met Osiris/Ra, die songod. Die Onderwêreld het dan uit twaalf afgebakende gebiede bestaan, elk waarvan deur Osiris/Ra vir een uur tydens sy nagtelike bootvaart van wes na oos onder deur die wêreld, besoek word. In elke gebied sou die helder lig van die songod dan die dooies (goed en kwaad) wek en oproep vir beoordeling van hul bevoegdheid vir die ewige lewe na die dood. Hierdie beoordelingsproses (wat uit die Ou Koninkryk stam) is uit een van die heel treffendste hiërogliewe afbeeldings aan ons bekend (Casson 1969:86-87; Ikram and Dodson 1998:18, 26-27):

> Die jakkalskopgod, Anubis, het die kandidaat aan die tribunaal van die gode (met Osiris/Ra as hoof) voorgestel. Van die persoon is dan verwag om die name van sy 42 gode-regters op te noem, waarna hy/sy deur elk ondervra is oor moontlike ongeregtighede in die lewe gepleeg. Daarna is die persoon se hart op 'n weegskaal geplaas om die boosheidsinhoud daarvan te bepaal, deur dit teen *maät*, die ideaal van geregtigheid(dikwels as 'n veer voorgestel), te weeg. Indien dié toets ook geslaag is, is hy/sy toegelaat tot die ewige lewe na die dood. Indien die hart te swaar weeg, is dit ingesluk deur Ammut, 'n hibried-wese met 'n krokodilkop, en was deurgang na die lewe na die dood onmoontlik.

Sienings oor die struktuur van die Onderwêreld het met tyd gewissel, maar in die "Boek van die Onderwêreld" word klem gelê op die eventuele skeiding tussen regverdiges en boses, alhoewel albei groepe in die Onderwêreld (waardeur die songod op sy nagtelike besoeke beweeg het) teenwoordig was. Mettertyd het die konsep van 'n wonderlike tuiste vir die

http://akroterion.journals.ac.za



regverdiges in ’n sogenaamde “Veld van Riete/Offers” ontstaan, waar hulle onder idilliese omstandighede sou lewe, saai en oes. Om hierdie arbeid te kan verrig is beelde of afbeeldings van arbeiders in die gestorwene se graf geplaas (Taylor 2001:34).

Daar is geglo dat die lewendes deur die dooies geteister kon word deur die aanbring van siektes, ongelukke, selfs slegte drome. Veral ongelukkige dooies wat ’n gewelddadige dood gesterf het, wat nie behoorlik begrawe is nie of nie die ewige lewe verwerf het nie, kon terugkom om agtergeblewenes te teister. Indien ’n persoon se graf nie behoorlik versorg is nie, kon die familie ook daaronder ly. Hierdie aanslae kon egter deur middel van gepaste amulette en towerspreuke teengewerk word (Taylor 2001:44).

## 4. *Nadoodse voorbereiding*

Die komplekse begrafnisvoorbereiding en ter aarde bestellingsprosedure wat in Oud-Egipte voorgekom het, was dus daarop ingestel om die gestorwene ’n optimale kans te bied om die lewe na die dood te bereik. Namate konsepte rakende die lewe na die dood tydens die bykans 2 500 jaar onder bespreking ontwikkel het, is begrafnis-rituele dienooreenkomstig aangepas. Veranderings was egter verrassend beperk, soos uit die onderstaande bespreking sal blyk. Dan moet ook besef word dat die prosedures wat opgeteken is, vir gegoede persone gegeld het, en dat die oorgrote meerderheid Egiptenare baie eenvoudig begrawe is. Oor hierdie laag van die samelewing is byna niks bekend nie, maar grafte van gewone werkers (*fellâhîn*) was feitlik verseker slegs holtes in die sand of klip, waarin dooies in eenvoudige houtkiste, of toegedraai in doeke, velle of matte begrawe is, met slegs ’n rudimentêre rituele seremonie. Armlastiges en veroordeeldes se lyke is waarskynlik vir roofdiere in die woestyn gelaat, of in gemeenskaplike oop grafte, of selfs in die Nyl, gestort (Budge 1925:336). Ons weet dat dooies in die Pre-dinastiese en Vroeg-dinastiese tyd normaalweg in ’n fetale posisie op die linkersy met die kop na die suide en die gesig weswaarts gekeer, in die graf geplaas is (Adams 1998:7). Omdat die oorledene se liggaam so ongeskonde as moontlik moes bly om sy deurgang na die lewe na die dood te verseker, is lyke nooit veras nie. In die Pre-dinastiese era is lyke soms uitmekaar gesny, en nadat die sagteweefsel verweer het, is die bene weer bymekaar begrawe (Taylor 2001:46-48).

## 5. *Die rou-prosedure*

Voorbereiding vir die begrafnis is ingelei met ’n rou-prosedure wat voortgeduur het totdat die persoon begrawe is — ’n tydperk van ongeveer 70 dae (Taylor 2001:77). Herodotus 2.85 vermeld dat manlike en vroulike roubeklaers in die gemeenskap rondbeweeg het met grond op hul hare, en klere opgetrek om die middellyf (vroue se borste ontbloot) terwyl hul hulself geslaan het. Hoe belangriker die persoon was, hoe meer mense is by die rouproses betrek. Met die dood van ’n koning het gemeenskapsaktiwiteite grotendeels tot stilstand gekom, geen vrolikheid of geslagtelike omgang is toegelaat nie en kosvoorbereiding is tot die minimum beperk. Daar is nie gebad nie, vroue het hul nie opgesmuk nie en niemand mag op ’n gemaklike bed of rusbank geslaap het nie (Brier 1994:73).

http://akroterion.journals.ac.za



## 6. *Balseming*

Daar word vermoed dat die konsep van balseming in Pre-dinastiese tye ontstaan het toe Egiptenare getref is deur die goed-bewaarde voorkoms van lyke wat in die droë warm woenstynsand natuurlik gemummifiseer is (Brier 1994:19). Die vroegste, baie eenvoudige balseming van lyke het reeds teen die einde van die vierde millennium v.C. voorgekom, toe ’n assosiasie tussen bewaring van die menslike liggaam en sy voortbestaan in die lewe na die dood, kulturele dogma geword het (Taylor 2001:46-47). Die woord “balseming” het heelwat later ontstaan uit *in balsamo*, Latyn vir “[bewaring] met behulp van balsem” (Taylor 2001:47). Die woord “mummie” kom van *mummia*, Persies vir “bitumen” (teer), waarskynlik omdat baie van die gebalsemde lyke later swart geword het (Taylor 2001:47). Tot en met die Middel-Koninkryk is slegs konings, hul familie en hoogwaardigheidsbeklëers gebalsem, maar mettertyd is die gebruik uitgebrei na die res van die bevolking wat dit kon bekostig (Taylor 2001:78-81). Inligting oor die prosedure wat met verloop van tyd ontwikkel en verbeter het, kom vreemd genoeg feitlik nie in Egiptiese bronne voor nie, en ons kennis daarvan berus vandag grotendeels op beskrywings van die Griekse historici, Herodotus 2.86-9 en Diodorus Siculus 1.91, wat Egipte onderskeidelik in die vyfde en eerste eeue v.C. besoek het — dus aan die einde van faraoniese Egipte. Aanduidings is dat die balsemingsproses tydens die Derde Intermediêre Periode sy tegniese hoogtepunt bereik het, en dat die prosedure in die loop van die tweede en derde eeue n.C. gestaak is (Ikram and Dodson 1998:103-106; Taylor 2001:86, 91).

Die Egiptenare het nie geglo dat die gebalsemde lyk as sulks ná die begrafnis weer sou opstaan nie, maar het geglo dat die *ba*, *ka*, naam en skaduwee wat na die dood voortleef, vir hul optimale funksionering ’n liggaam benodig het wat so ongeskonde as moontlik moes wees (Brier 1994:20; Taylor 2001:46).

Balseming is normaalweg deur professionele persone uitgevoer. Volgens Diodorus Siculus 1.91 was dit dikwels ’n familie-beroep, en het dié persone aansien geniet. In uitsonderlike gevalle het familielede en vriende buite die beroep egter ook meegedoen aan die balsemingsproses. Herodotus 2.89 het hom minder vleiend uitgelaat oor die beroep en het beweer dat lyke van mooi jong meisies soms seksueel onteer is. Die prosedure is in stadia uitgevoer en het deurgaans ’n rituele inslag gehad:

> Ter aanvang is die lyk so gou as moontlik ná die dood na ’n spesiale waslokaal, die *she-netjer* vir konings, of *ibu* vir andere, langs die Nyl gebring waar dit met Nylwater maar ook met ’n verdunde natron-oplossing deeglik gewas is. Natron was ’n mengsel van natriumsoute en is in soliede vorm van soutmere veral in die Delta-gebied verkry (Taylor 2001:51-52).

Die lyk is dan na ’n *wabet* (“Huis van Reiniging”) vervoer en op spesiaal-ontwerpte kliptafels geplaas vir verwydering van die interne organe. Die brein en breinmembrane is deskundig deur die neus (gewoonlik die linker neusholte) verwyder, deur ’n opening in die etmoïede plaat van die skedelbasis te maak en ’n haak daardeur te steek. In uitsonderlike gevalle is die brein deur die oogkas, skedelopeninge elders of selfs die *foramen magnum* verwyder. ’n Insnyding is in die linker onderbuik gemaak en alle buik- en toraks-organe behalwe die hart is daardeur verwyder (Taylor 2001:54-55). Adams (1998:29) meen dat die niere ook agtergelaat is. Die Egiptenare het geen besondere waarde aan die brein geheg nie, maar het die hart as die liggaam se kern-orgaan beskou (Nunn 2002:54-55). Volgens Diodorus Siculus 1.91 moes die persoon wat die buikinsnyding gedoen het, onmiddellik van die toneel vlug omdat hy deur sy kollegas aangeval is. Hierdie gebruik was waarskynlik ’n bloot rituele

http://akroterion.journals.ac.za



optrede ter bevestiging van die waardighed van die menslike liggaam (Taylor 2001:54). Die verwyderde organe is gebalsem, in linnepakkies toegedraai en aanvanklik in vier spesiale houers geplaas — die sg. kanopiese kruike (Ikram and Dodson 1998:276) wat aan die vier seuns van Horus gewy is — om later in die graf gelaat te word. Teen die einde van die Nuwe Koninkryk is die gebalsemde organe egter weer in die buikholte teruggeplaas. Na verwydering van die organe is die buikholte met onder andere palmwyn uitgespoel (Taylor 2001:55).

Die dehidrasieproses het nou gevolg. Soliede natron, in linnesakkies verpak, is as dehidreermiddel stewig in die buikholte sowel as buite om die liggaam gepak en vir 40 dae so gelaat. Die liggaamsweefsel het met hierdie ontwateringsproses erg gekrimp en hard geword. Hierna is die skedel- en liggaamsholtes permanent gepak met 'n verskeidenheid materiale soos linne, saagsels, klei, bitumen en harse, sowel as welriekende speserye. Teen die 21ste Dinastie is die verskrompelde subkutane weefsels van onder andere die gesig, skouers, bo-arms en rug ook met materiaal gepak om 'n meer lewensgetroue liggaamsbeeld te skep. Kunsoë is ingeplaas. Die buikwond is gewoonlik nie geheg nie. Hierna is die vel behandel met harse en olies (later selfs bitumen) om dit te verhard; vinger- en toonnaels is vasgeheg; pruike is aangebring waar nodig, wonde is verberg en ander verfraaiing is gedoen (Taylor 2001:57-58, 240-247).

Die daaropvolgende toedraaiproses wat oor ongeveer 30 dae uitgevoer is en met heelwat rituele gepaard gegaan het, word volledig deur Taylor beskryf (2001:58-63). Groot hoeveelhede linne in stroke of breë doeke van variërende kwaliteit is gebruik, en die kop en ledemate is aanvanklik apart toegedraai. Amulette, ander voorwerpe, selfs juwele, is tussen die doeke geplaas en lae hars is aangewend, terwyl gepaste towerspreuke deurlopend ge-uiter is. 'n Groen heilige hartkewer-amulet is spesifiek daarby op die liggaam geplaas om die hart by te staan in sy belangrike rol tydens die weegproses voor Osiris (Adams 1998:31). 'n Doodskleed is soms finaal oor die lyk geplaas. Tydens die Ou Koninkryk is moeite gedoen om deur linne- en harsmodulering die gelaatstrekke na te boots, maar later is van geïdealiseerde gesigsmaskers gebruik gemaak.

Herodotus 2.86-88 vermeld dat daar drie balsemingsmetodes was. Die volledige prosedure, hierbo bespreek, het ongeveer 70 dae geduur en volgens Diodorus Siculus 1.91 een talent silwer gekos. Die tweede prosedure was goedkoper, teen 20 minae (ongeveer een kwart van die vorige prys), en het nie die oopsny van liggaamsholtes ingesluit nie. Soms is 'n preparaat van sederolie egter wel per rektum in die buikholte gespuit, en die vernietigde interne organe later deur dieselfde opening uitgehaal. Die goedkoopste balsemingsprosedure wat 'n paar dae geduur het, het slegs uitwendige natronpakkings behels.

## 7. *Die begrafnis*

Die omvang van begrafnisprosedures het uiteraard afgehang van die status van die oorledene. Die oorgrote meerderheid begrafnisse sou beskeie rituele van werkerklas Egiptenare gewees het, terwyl die dood van koninklikes 'n gebeurtenis van nasionale aansien was (Budge 1925:336). 'n Algemene prosedurale patroon het egter gegeld, en die onderstaande weerspieël die begrafnisrituele van gemiddeld gegoede landsburgers.

Die gebalsemde en toegedraaide liggaam (mummie) is volgens vasgestelde rituele in 'n doodskis geplaas, gewoonlik ryklik versien met towerspreuke en instruksies vir die lewe na die dood wat op die kante aangebring is (Ikram and Dodson 1998:15-16). Aan die buitekant

http://akroterion.journals.ac.za



is dikwels twee oë aangebring wat in ’n westelike rigting na die ondergaande son en “Land van die Dood” sou kyk (Taylor 2001:219). Die doodsbaar is deur vriende of diensknegte na die graf gedra, of op ’n wa of slee vervoer wat deur osse (soms deur vriende) getrek is (Taylor 2001:186). Grafte was gewoonlik wes van die Nyl, sodat dit dikwels nodig was om eers die rivier per boot (getrek deur roeibote) oor te steek. In dié optog was daar tradisionele roubeklaers met grond op hul deurmekaar hare, familie en belangstellendes, asook priesters wat deurlopend gepaste rituele uitgevoer en towerspreuke voorgelees het. Melk is as plengoffer op die pad gegooi (Adams 1998:32), en diensknegte het voorrade vir die graf, die kanopiese kruike (met die gebalsemde organe) en die *tekenu* (alle oorblyfsels van die balsemingsproses, toegedraai in die vorm van ’n mens) gedra. Laasgenoemde is formeel naby die graf begrawe (Taylor 2001:63).

## 8. *Grafte*

Die Egiptiese graf het met verloop van tyd aansienlik ontwikkel. In die Vroeë Dinastiese Tydperk het dié gewissel van heel eenvoudige holtes wat in die grond of klip gekap is (later baksteenbelyn) tot die mastabagrafte van die Ou Koninkryk en mettertyd tot praalgrafte, selfs piramiedes ontwikkel (Ikram and Dodson 1998:22; Taylor 2001:136-185). By almal wat dit kon bekostig het die graf uit minstens twee komponente bestaan, nl. die grafkelder (gewoonlik ondergronds) waarin die doodskis geplaas is, en ’n rituele ruimte of grafkapel (Ikram and Dodson 1998:15, 21; Budge 1925:395-404). By praalgrafte kon laasgenoemde selfs ’n tempelgebou wees, terwyl rituele by minder gegoedes in die opelug of nabygeleë tempelareas uitgevoer is. Die grafkapel het kenmerkend ’n vals deur gehad wat na die wêreld van die dooies gelei het. Voorbereiding van ’n gepaste graf was vir gegoedes dikwels ’n jarelange taak — farao’s het aanvanklik piramiedes hiervoor opgerig, maar na die Tweede Intermediêre Periode is uitgebreide grafstelsels in die rotswande van bv. die Vallei van Konings by Thebe getonnel (Taylor 2001:145-147; Budge 1925:416-420). Diegene wat lyke laat balsem het maar nie ’n graf kon bekostig nie, het die doodskis (in ’n regop posisie) in hul woning geakkommodeer — hiervoor is dikwels ’n aparte vertrek aangebou (Budge 1925:338).

By die voorbereide graf is die ter aarde bestelling tradisioneel begin met rituele danse deur sogenaamde *muu*-dansers, wat onder andere skyn-besoeke aan kultussentra soos Abydos en Sais uitgebeeld het (Taylor 2001:190-192). Binne die grafkapel het die baie belangrike seremonie vir die “Opening van die Mond” dan gevolg ten einde die dooie te vitaliseer deur die gebruik van die oë, neus, mond en ore te herstel, sodat die *ka* gevoed kan word. Terwyl die mummie orent gehou is en priesters liturgië uit die Piramiede-tekste voorgelees het, het die *sem*-priester die mummie se gesig aangeraak met o.a. ’n beitel, ’n byltjie en ’n twee-tand instrument (die *peseh-kef*). Hierna het die offer-ritueel gevolg (Taylor 2001:187-189) waartydens die oorledene vir die lewe na die dood bevoorraad is. Die omvang hiervan het met verloop van tyd gewissel, maar artikels wat in die grafkapel gelaat is, kon insluit voedsel (dikwels van minderwaardige aard, omdat aanvaar is dat die *ka* se voeding simbolies was), huishoudelike voorwerpe soos stoele, bedde en tafels, wapens, klere en skoene, kosmetika, juwele, skryfbehoeftes, gereedskap, musiekinstrumente en speletjies. Modelle van bote as vervoermiddel is gereeld daarin geplaas, sowel as beeldjies van arbeiders en ’n verskeidenheid magiese voorwerpe. Gedurende die Middel-Koninkryk is hierdie beeldjies vervang deur mummie-agtige beelde (*shabtis*, enkele cm tot 50 cm hoog) wat as dienaars kon

http://akroterion.journals.ac.za



optree, maar terselfdertyd as ekwivalente van die gestorwene sy *ka* kon huisves. Die aanvanklike gebruik om diensknegte te dood en saam met die farao te begrawe, het, met enkele uitsonderings, nie ná die Pre-dinastiese era voorgekom nie (Taylor 2001:99). Weens die aanvaarde simboliese aard van hierdie offers, is hulle later verplaas deur illustrasies aan die mure. In die grafkapel is ook ’n afbeelding van die oorledene geplaas, sodat die *ka* tydens sy voedingsproses ’n liggaam kon hê om in te vertoef. Binnemure van grafte (veral die grafkapel) is ryklik versier met illustrasies wat die leefwyse van die oorledene maar ook wyer kosmiese konsepte uitgebeeld het (Taylor 2001:138-139).

Plasing van die doodskis in die grafkelder het nou gevolg. Priesters het die vloer sorgvuldig gevee om alle voetspore uit te wis, en alle artikels wat in kontak met die mummie was, is vir aparte begrawing geïsoleer (Adams 1998:34). Soms is die geheime “Seremonie van die Vlam”, bedoel om noue bande met Osiris te smee, deur enkele uitgesoekte persone in die grafkelder uitgevoer (Budge 1925:351-355). Hierna is die opening na die grafkelder verseël en is rituele uitgevoer om die graf te beskerm. ’n Os (of osse) is nou geoffer en tydens ’n feesmaal vir die gaste is die oorblywende vleis geëet. Alle reste is begrawe (Taylor 2001:193).

Deur opvolg-rituele is verseker dat die oorledene nie vergeet is nie. Die grense tussen die lewendes en die dooies was vaag, en familie en vriende het gereeld die grafkapel besoek om volgens die “Kultus van die Dood” offers te bring en met die gestorwene te kommunikeer ten einde te voorkom dat die *ka* sterf. Die oudste seun moes normaalweg hiervoor verantwoordelikheid neem (Taylor 2001:41-42). Met verloop van tyd is die priesterorde bygetrek om, teen vergoeding, namens die familie die grafkontak te behartig. Erfreg is selfs hieraan gekoppel en hierdie inkomste was ’n belangrike bron van geld vir die priesterorde wat veral tydens die Nuwe Koninkryk en daarna welgesteld en baie invloedryk geword het (Casson 1969:78). Dit was ook gebruiklik om op ’n klein altaartjie voor in die familie-woning ’n borsbeeldjie van die oorledene te plaas om voortdurende kontak te verseker. En dan is daar ook van tyd tot tyd op stelas, papirus en kleipotte boodskappe aan die oorledene geskryf — voorwerpe wat dan waarskynlik saam met die gereelde voedseloffers in die grafkapel geplaas is om deur die dooie gelees te word. Hierdie boodskappe, gerig aan die *akhu*, het gewoonlik gehandel oor ernstige probleme waarvoor bonatuurlike oplossings versoek is (Taylor 2001:42-44).

## 9. *Slot*

Dood is dus in Oud-Egipte nie as ’n morbiede eindpunt beskou nie, maar as ’n baie belangrike oorgangsgeleentheid tussen die aardse lewe en ’n ewige bestaan in die lewe na die dood. Hantering van die dood is dus met groot erns bejeën. Terwyl die wonings van Egiptenare (selfs konings) van verganklike materiaal soos hout, riete en kleibakstene gebou is, was die grafte en monumente vir die dooies normaalweg van klip gebou of dikwels uit klip gekap. Die grootste en indrukwekkendste monumente van die faraoniese era was inderdaad die piramiedes — grafkelders vir die dooies. Mens kry dus die indruk dat meer aandag geskenk en hulpbronne gewy is aan voorbereiding vir die lewe na die dood as aan ’n gerieflike lewe op aarde. Die populêre Egiptiese woord vir graf het “Huis van Ewigheid” beteken, en dit weerspieël klaarblyklik ’n onwrikbare geloof in, en uitsien na ’n ewige lewe na die dood, eerder as vrees vir die dood wat as motivering gedien het vir die bou van

http://akroterion.journals.ac.za



skouspelagtige grafmonumente — strukture wat reeds vir bykans vyf millennia besoekers aan die land van die Nyl met ontsag vervul.

## BIBLIOGRAFIE


Adams, B 1998. *Egyptian Mummies*. Buckinghamshire: Shire Publ.

Brier, B 1994. *Egyptian Mummies. Unraveling the Secrets of an Ancient Art*. New York: William Morrow Publ.

Budge, E A W 1925. *The Mummy: A Handbook of Egyptian Funerary Archaeology*. New York: Dover Publ.

Casson, L 1969. Ancient Egypt. In Krieger, L (ed.), *Time-Life Books: Great Ages of Man*. Nederland: Time Inc.

Gardiner, A 2002. *The Egyptians*. London: The Folio Society.

Godley, A D (transl.) 1920. *Herodotus. The Persian Wars*. Loeb Classical Library. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Ikram, S & Dodson, A 1998. *The Mummy in Ancient Egypt. Equipping the Dead for Eternity*. London: Thames & Hudson.

Nunn, J F 2002. *Ancient Egyptian Medicine*. London: British Museum Press.

Oldfather, C H (transl.) 1968. *Diodorus Siculus*. Library of History. Loeb Classical Library Vol. I. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Taylor, J H 2001. *Death and Afterlife in Ancient Egypt*. London: British Museum Press.

Van Rensburg, J P J (vert.) 1994. *Die Ooste teen die Weste. Herodotus se geskiedenis*. Pretoria: Hans Kirsten Uitgewery.